• SKW Motorklub neem vanjaar weer deel om hul nuwe motors en toertjies te wys.

Fees bied pret vir die hele gesin

Vanjaar se Bank Windhoek Kidz Fun Fair beloof om selfs nog groter te wees as verlede jaar, met veel meer vermaak en opwindende nuwe aktiwiteite.

Verlede jaar is meer fokus geplaas op die jonger kinders, terwyl daar vanjaar meer vermaak sal wees vir kinders tussen die ouderdom van 7 en 12 jaar.

"Ons het besef daar is baie min vermaak vir kinders in Windhoek tussen sewe en twaalf. Daarom het ons besluit om pretaktiwiteite spesiaal vir hulle in te sluit," sê Gabriela Raith van Limelight Event Marketing.

Die Bank Windhoek Liggaamsbalans Kinderkamp bied vanjaar mini-krieket, tennis, driekamp, fiksheid/liggaamsbalans en vlugbal aan, wat kinders die geleentheid gun om iets nuuts te probeer. Sessies is twee ure lank en deelnemers kan individuele sessies kies om aan deel te neem. Sessies word aangebied in die volgende ouderdomsgroepe: 8 tot 9 jaar, 10 tot 11 jaar en 12 tot 14 jaar.

Die kinders kan mekaar die stryd aansê met verfbalgewere, probeer om muur te klim of kreatief raak by die graffitimuur. In die Bank Windhoek kunskamer kan pottebakkery of kraaljuwele gemaak word.

Die "Milo Penalty Shootout" sal vanjaar bewusmaking lok, asook die SKW Motorklub met hul afstandbeheerde voertuie, wat verlede jaar 'n groot treffer was.

Die Kidz Fun Fair is die ideale gesinsuitstappie waar onderrig, pret en vermaak gekombineer word.

Vir meer inligting, besoek www.kidz-fun-fair.com.